

Sing vooraf: Psalm 73:10 (p. 369)

- 1 Nogtans sal 'k altyd by U bly; / niks sal my van u liefde skei –
0 U wat my regterhand gevat het, / vir wie 'k van harte liefgehad het.
U sal my voortlei deur u raad, / O God, my Hulp, my Toeverlaat,
en na die dag van aardse stryd, / my opneem in u heerlikheid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 23:1 (p. 107)

- 1 Net soos 'n herder uittrek met sy skape / en hul laat neerlê in die veld van milde groen,
met sagte hand hul lei langs stille waters – / so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede / in vaste spoor van sy geregtighede.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 19:4 (p. 83)

- 4 Die HEER se heil'ge wet / is rein en onbesmet, / en sal die hart bekeer;
sy woorde sal gewis / aan wie eenvoudig is, / die ware wysheid leer.
Sy regte heerskappy / dié sal ons hart verbly / en onreg nooit gedoë;
en wat sy wet berig / is suiwer soos die lig / wat afstraal op die oë.

Skriflesing: Romeine 2

Teks: Romeine 2:6; Kategismus Sondag 4

... wat elkeen sal vergeld na sy werke: (Romeine 2:6 AFR1953)

Kom ons sê hierdie teksvers se woorde oor in ons moderne manier van praat:

Elkeen wat homself met sondes besoedel (verderf), sal gestraf word.

Ons is so geneig om te dink dat die Here altyd die skuldige Een is, want Hy gaan ons straf.

- Of ons sê: Hy het iemand nie uitverkies nie – daarom is dit die Here se skuld dat die persoon is soos hy is.

Hier openbaar die Here dat die mens met sy optrede/werke van sy kant af openbaar wat van hom gaan word, want die dinge wat hy doen, wys vir die ander waar hy homself tuis voel!

Hoe voel die Here oor ons sondes? Natuurlik vertoorn die Here Hom baie oor alles wat ons verkeerd doen (sondes!).

Ons gee aandag aan die volgende drie dinge:

1. **Wat maak die Here kwaad?**
2. **Wat openbaar die Here oor die straf waarmee Hy sondes straf?**
3. **Staan die oordeel van die Here regtig vas?**

1. **Wat maak die Here kwaad?**

Die moderne mens wil nie 'n God hê of ken wat kwaad word nie. Hulle soek 'n God wat net liefdevol en vergewensgesind is.

Maar die Here openbaar Homself nie so nie.

- Hy hou nie van sondes nie.
- Hy vertoorn Hom daarvoor en daarom straf Hy dit.
- Dink maar net aan die volgende uitsprake in die Bybel:

Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtheid van die mense wat in ongeregtheid die waarheid onderdruk, (Romeine 1:18 AFR1953)

'n Jaloerse God en 'n wreker is die HERE, 'n wreker is die HERE, en vol grimmigheid; 'n wreker is die HERE vir sy teëstanders, en Hy behou die toorn teen sy vyande. (Nahum 1:2 AFR1953)

Maar ooreenkomstig jou verhardheid en onbekeerlike hart vergader jy vir jou toorn as 'n skat in die dag van die toorn en die openbaring van die regverdige oordeel van God (Romeine 2:5 AFR1953)

In hierdie gedeelte is die Bybel nogal baie skerp en op die man af met ons. Die Heilige Gees beskuldig ons van drie baie ernstige dinge:

- Hy sê ons **verhard ons harte**.
 - Ons ken die uitdrukking baie goed, want ons hoor dit ook van Farao.
 - Sy hart was teen die Here verhard, met ander woorde hy het hom teen die Here verset.
 - Hy wou nie vir die Here luister as die Here met hom gepraat het nie.
- Daarna sê Hy ons **harte is onbekeerlik**.
 - Die Here lê dus onbekeerlikheid vierkantig voor ons deur! Dis ons skuld dat ons nie ten volle tot bekering kom nie – want ons maak dat ons harte onbekeerlik is.
- Die derde klag kyk na die eindpunt van ons bestaan toe:
... vergader jy vir jou toorn as 'n skat in die dag van die toorn en die openbaring van die regverdige oordeel van God
- Ons maak dus die woede van die Here bymekaar. Kom ons stel dit in 'n beeld: Ons gaar die woede van die Here op soos wat 'n dam water opgaar!

Hierdie vers beteken net moeilikheid! Maar gelukkig is dit nie al wat in die Bybel staan nie. Daar is darem nog 'n kant!

- Die Here is ook 'n God van genade en liefde.
- Hy bewys sy liefde op 'n baie vreemde manier aan die mensdom: Hy verander en red sekere van hulle.
- Hy doen dit deur self mens te word en as mens sy eie toorn oor die sondes te dra en tot rus te bring.
- Daarby kom bly Hyself met sy Heilige Gees in hulle. Luister na hierdie gedeelte, dan hoor julle self wat die Here van daardie mense sê – en daardie mense is julle!

julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie. (Romeine 8:9 AFR1953)

Wat staan hier? Hier staan ons het die Gees van God en daarom behoort ons aan Hom!

2. Wat openbaar die Here oor die straf waarmee Hy sondes straf?

Hy openbaar dat Hy alle soorte sondes straf. Hy straf sondes tydens die aardse lewe en Hy straf sondes tot in die hiernamaals.

Die sondes val in twee groepe uiteen.

- Die een groep staan bekend as *aangebore sondes*. Die soort sondes is sondes wat ons saam met die smet daarvan van ons voorouers erf. Dit is sondes waaraan ons deel het sonder ons eie toedoen. Dink hier aan die volgende uitsprake wat die Here maak:
Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat;
(Eksodus 20:5 AFR1953)
En toe die HERE by hom verbygaan, het Hy geroep: HERE, HERE, barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie; wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag. (Eksodus 34:6-7 AFR1953)
- Die ander groep staan bekend as *werklike sondes*.
 - Dis sondes wat ons nie erf nie. Dis sondes wat ons self uitdink en doen.
 - Dit kan ook sondes wees waarin ons deur iemand anders voorgepraat of ingesleep word. Dink hier aan die volgende uitsprake in die Bybel:
(5:7) U sal die leuensprekers laat omkom; van die man van bloed en bedrog het die HERE'n afsku. (Psalm 5:6 AFR1953)
Hierdie dinge het jy gedoen, en sou Ek swyg? Jy dink Ek is net soos jy! Ek gaan jou straf en jou dit ordelik voor oë stel. (Psalm 50:21 AFR1953)
Laat niemand julle met ydel woorde verlei nie, want daardeur kom die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid.
(Efesiërs 5:6 AFR1953)

Die Here straf al twee die groepe sondes voluit. Daar is nie verskoning vir een van hulle nie!

Die Here straf sondes op twee maniere – as dit so gesê kan word. Die Here straf dit tydelik en ewiglik.

- Dit beteken dat daar sondes is wat die Here tydens jou bestaan op die aarde straf.
 - Dit is tydelik.
 - Tydelik beteken dat die Here dit in hierdie tyd straf – solank as wat die tyd aangaan.
- Dan is daar sondes wat die Here so streng straf dat die straf na die dood nog aangaan – dis die sondes wat maak dat 'n mens in die hel beland.
 - Die ewige straf is die hel.

Daar is 'n hele paar uitsprake in die Bybel wat hierdie ding van straf onderstreep. Die Here praat byvoorbeeld van die straf wat tot in die hel toe voltrek word.

Hulle sal as straf ondergaan 'n ewige verderf, weg van die aangesig van die Here en van die heerlijkheid van sy sterkte, (2 Tessalonisense 1:9 AFR1953)

Maar die Here praat ook daarvan dat Hy ongehoorsaamheid met die dood straf. Dan beteken dood dat ons hier op die aarde sal doodgaan – en die dood is net 'n simbool van die hel:

maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe. (Genesis 2:17 AFR1953)

Dat sonde uiteindelik op niks anders as die ewige dood uitloop nie, word baie duidelik geopenbaar. Die ewige dood is niks anders nie as die hel:

Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het – (Romeine 5:12 AFR1953)

Die een ding wat van die straf van die Here uitstaan, is dat dit vir iemand wat nie tot bekering kom nie en wat nie deur die genade van die Here Jesus gered word nie, tot ondergang is:

Tog het die dood geheers van Adam af tot op Moses, ook oor hulle wat nie gesondig het in die gelykheid van die oortreding van Adam nie, wat 'n voorbeeld is van Hom wat sou kom. (Romeine 5:14 AFR1953)

Natuurlik dreig die Here mense ook met straf as hulle nie wil luister nie.

- Dink hier maar net aan die plaes wat oor Egipteland gekom het!
- Elke keer as Farao nie wou luister nie, moes hy en sy mense maar net voel!

3. Staan die oordeel van die Here regtig vas?

Bo alles is die Here 'n God van genade. Die Hele Bybel is vol daarvan dat die Here sy medelye met mense openbaar.

Die Here se genade is net anders as ons s'n. Ons dink genade beteken dat jy vrygestel moet word van straf wanneer jy skuldig is aan 'n oortreding.

- Dit kan tog nie so gebeur by die Here nie, want dan sal sy volmaakte reg verval!
- Waarom dreig Hy dan met straf as Hy sondes ongestraf laat verbygaan?

Die Here se genade neem nie die straf weg nie. Sy regverdigheid eis twee dinge:

- Die eerste een is dat alle sondes gestraf moet word. Van hierdie regverdigheid van die Here lees ons byvoorbeeld in Psalm 119:

HERE, U is regverdig, en reg is u verordeninge. (Psalm 119:137 AFR1953)

- Die tweede een is dat daar 'n gelyke verhouding moet wees tussen die straf wat vir elke oortreding (sonde) gegee word.

Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie. (Galasiërs 3:10 AFR1953)

Daarom lees ons dat die Here die hoogste straf – die straf wat die siel en die liggaam raak – toepas op die mense wat weier om tot bekering te kom en onboetvaardig bly.

- Tog is dit duidelik dat die Here in hierdie gedeelte ook 'n bepaalde verhouding tussen die sonde wat gepleeg word en die straf wat daarop volg, uitstippel.

aangesien dit reg is by God om aan die wat julle verdruk, verdrukking te vergelde, en aan julle wat verdruk word, verligting te gee saam met ons in die openbaring van die Here Jesus uit die hemel met sy magtige engele in vuur en vlam, wanneer Hy wraak uitoefen op die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is nie. Hulle sal as straf ondergaan 'n ewige verderf, weg van die aangesig van die Here en van die heerlijkheid van sy sterkte, (2Tessalonisense 1:6-9 AFR1953)

Net so weet ons dat die Here se genade daarin bestaan dat Hy verligting gee waar enige mens berou het oor sy sondes. Dink maar aan Deuteronomium 28:

En al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die stem van die HERE jou God. (Deuteronomium 28:2 AFR1953)

Dit beteken nie dat die Here die heiligheid van sy strafreg laat verval nie.

- Sy strafreg het 'n Persoon voorsien wat as ons borg die straf in ons plek kon uitdien.
- Hy het elke stukkie van elke sonde ten volle aan die Here Jesus gestraf en nou ken Hy aan ons genade toe omdat dit al is wat oorbly in sy raad. Die toorn en straf op die sondes is uitgedien. Dink hier maar net aan die volgende uitsprake in die Bybel:

Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus. (Romeine 5:17 AFR1953)

. . . sodat, soos die sonde geheers het in die dood, so ook die genade kan heers deur die geregtigheid tot die ewige lewe deur Jesus Christus, onse Here. (Romeine 5:21 AFR1953)

Kom ons lees saam wat ons in ons belydenisskrifte oor die reg van die Here, die straf deur die Here en die genade van die Here bely in die Heidelbergse Kategismus Sondag 4:

Vraag 9: Doen God die mens dan nie onreg aan as Hy in sy wet van hom eis wat hy tog nie kan doen nie?

Antwoord: Nee (a), want God het die mens so geskep dat hy dit kon doen (b). Maar die mens het homself en sy hele nageslag as gevolg van die aanhitsing van die duiwel (c) en deur moedswillige ongehoorsaamheid van hierdie gawes beroof.

(a) Ef 4:24. (b) Gen 3:13; 1 Tim 2:13, 14. (c) Gen 3:6; Rom 5:12.

Vraag 10: Wil God hierdie ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly?

Antwoord: Nee, glad nie; intendeel, sy toorn is verskriklik (a) sowel oor die erfsonde as oor die sonde wat ons self doen: Hy wil dit in die tyd en in die ewigheid met 'n regverdig oordeel straf (b). Hy het immers gesê: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie (c).

(a) Gen 2:17; Rom 5:12. (b) Ps 50:21; 5:6; Nah 1:2; Eks 20:5; 34:7; Rom 1:18; Ef 5:6. (c) Deut 27:26; Gal 3:10.

Vraag 11: Is God dan nie ook barmhartig nie?

Antwoord: God is wel barmhartig (a); maar Hy is ook regverdig (b). Daarom eis sy geregtigheid dat die sonde wat teen die allerhoogste majesteit van God gedoen is; ook met die swaarste straf gestraf moet word – dit is met die ewige straf aan liggaam en siel.

(a) Eks 34:6, 7; 20:6. (b) Ps 7:10; Eks 20:5; 23:7; 34:7; Ps 5:5, 6; Nah 1:2, 3.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 31:1, 15 (p. 143)

1 Net soos 'n rots, gesterk, gestewig / teen storm en ongety, / is U, o HEER, vir my.
Maak my tog nie beskaamd vir ewig. / Bevry my, hoor my bede / na u geregtighede.

15 Hoe groot is, Heer, u seënstrome / vir wie opreg van gees / wil wandel in u vrees!
Hoe groot die vreugde van die vrome, / as almal klaar bemerk het / die heil wat U bewerk het.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

**Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 15 Februarie 2009**